## VOORWOORD.

Om 'n geslagsregister foutloos te kan opstel is 'n idiaal wat nie maklik bereik kan word nie. Foute, misplasings en verkeerde spelling van name sal wel voorkom. Die spelling in die registers is dikwels foutief en dit kan verwarring by die navorser skep.

Hierdie eerste vyf geslagte is maar net die voorloper van 'n veel groter werk wat nog in die proses van voorbereiding is. Dit is 'n taak wat nog 'n geruime tyd sal duur voordat dit afgehandel is. In die register wat hierop volg word die besonderhede aleen van die manlike nakomelinge d.w.s. die wat die Grobler of Grobbelaar familienaam voortplant word in die register volledig genoem. Van die vroulike nakomelinge word waar bekend, slegs huwelike aangeteken. Die name van die manlike nakomelinge word in hoofletters gedruk om hulle maklik te kan onderskei asook die familiename van aangetroudenes.

Dit was baie teleurstellend dat van al die briewe en vraelyste wat uitgestuur was, slegs 'n klein presentasie dit goed gevind het om daarop te reageer. Daar is heelwat verskille tussen de Villiers en Pama se "Geslagsregisters van die ou Kaapse Families" en die wat nou hier uitgegee word, moet toegeskryf word aan die feit dat de Villiers se boek eers na sy dood voltooi was en foute en uitlatings was dus onvermydelik. Die verskille wat daar wel was was noukeurig nagegaan en die huidige weergawe kan as juis aanvaar word.

Skrywer wil sy dank aan Dr.J.A.Heese, Die Raad vir Geestesnavorsing, die verskillende Kerkargiewe, die kerkkantore van die drie Afrikanse kerke vir hul hulp betuig. Sonder die samewerking sou die werk nooit die lig gesien het nie.

Borriusstraat 13,
POTCHEFSTROOM. 2520

## INLEIDING.

Dit is so jammer dat ons vandag so min van ons voorouers weet. Hoe dikwels het mense nie al erken dat hulle weinig min van hul voorvaders weet nie. Daar is selfs die wat wat nie eers weet wat die nooiensvanne van hul eie grootmoeders was nie, en nog minder van hul herkoms. Dikwels is die belangstelling wel daar maar ontsien die moeite om die nodige navraag te doen. Dit kan ook moontlik wees dat hulle nie weet waar om te begin nie.

Dr. J. H. Esterhuyse, Direkteur van Argiewe, het eenmaal in 'n voorwoord aan 'n geslagsregister die volgende geskryf en ek haal hom aan. "Die familiale ingesteldheid van die Afrikander soos beliggaam in die driehoek van vader, moeder, en kind is nog altyd een van die hoekstene van ons volkslewe. Vandag lewe ons egter in 'n eeu waarin daar 'n nivileeringsproses werksaam is wat dreig om die mens se individualiteit heeltemaal te ontneem en hom in die groep te laat opgaan. Die moderne enkeling bevind hom gevolglik veelal sonder ver-ankering op die dryfsand van 'n veranderde wêreld, tussen 'n onbekende verlede en 'n onseker toekoms. Die genealogie, soos onder andere in hierdie voorgestelde werk beliggaam, bied egter aan hom 'n waardevolle hulpmiddel om weer 'n skakel met sy verlede terug te vind en daardeur sy identiteit te herwin. Gewapen met kennis van sy herkoms en sy familiegeskiedenis, is hy nie langer 'n hawelose wese wat in die duister na bakens soek nie, of 'n enkeling wat homself gedurig teen die groep hoef te meet ten einde dié se goedkeuring en aanvaarding te erlang nie. 'n Deurvorste en vasgelegde familie geskiedenis stel ligbakens binne sy gesigsveld waarin hy homself kan oriënteer; hy kan riglyne vind vir die bepaling van sy individualiteit en kan hy landmerke erken wat hom in staat stel om homself in perspektief



te sien teen die agtergrond van sy familie-erfenis -- as't ware as 'n bepaalde onderdeel van 'n groter geheel."

"Vanweë hierdie oorwegings het die genealogie as 'n wetenskap 'n belangrike taak om in die moderne wêreld te verrig. Vir die welstand van die immerherhalende patroon van die gesinslewe kan die waarde nie oorskat word nie."

Die geskiedenis van 'n volk word uiteindelik nie op sy slagvelde geskrywe nie maar in sy gesinslewe. Daar word sy karakter vasgelê en daar word bepaal of hy sal voortbestaan en groei of kwyn en verval. Daarom is dit jammer dat so min omtrent die intiem huislike lewe van ons Afrikaner families gepubliseer is. Wat 'n verryking van ons kennis en belangstelling, en daarmee ook van ons geskiedenis en volksgevoel, soudit meebring as elke familie iets op skrif stel omtrent sy huislike ervaringe. 'n Kosbare skat het reeds verlore geraak met die verbygaan van geslagte wat in uitmuntende dienste aan die samelewing betoon het.

Dog is dit nie te laat nie. In die lang eeue van ons land se geskiedenis sal die huidige geslag ook nog as grondleggers en voortrekkers beskou word. Dit moet mode vir elke familie wat waarlik saamgeleef het, om elke paar geslagte te sorg dat sy gesinsverhaal bygeskrywe word. Ons Volk se trotse portrettegalery'

Met enkele uitsonderings na, was ons voorouers wat in die sewentiende en agtiende eeu uit Holland, Duitsland, en Frankryk wat hul nuwe tuiste aan die Kaap die Goeie Hoop kom soek het, mense van nederige afkoms. Aanvanklik was hulle meestal in diens van die H.O.I.K., maar het later deur eie vlyt en deursettingsvermoë onafhankilke en diensbare burgers van hul nuwe vaderland geword.

Die vraag word soms gestel of familietrots, familiewapen en kennis van die herkoms nie uitgediende begrippe en simbole is wat geen praktiese waarde meer vir die hedendaagse, verstedelike Afrikaner het nie.

Weliswaar is dit so dat families op herkoms in die verlede dikwels gelei het tot 'n verwaande en misplaaste veragting van alles en almal wat nie tot die bepaalde stam of stand behoort het nie. Hierdie trots is veral gekoppel aan die besit van die familieplaas of landgoed, maar ongelukkig het hierdie ou familie besittings geleidelik in vreemde hande verval, soos bewys word deur die onstellende feit dat bitter min van die ou Kaapse familieplase nog in die Afrikaner nasate van die oorspronklike eienaar behoort. Wat is dan die nut van ons familie saamtrekke en familie geskiedenis?

Die drie primêre ankers in 'n mens se lewe is sy kerk, sy volk en sy gesin. Die gesin is die volk in die kleine en die familie geskiedenis is dus 'n onmisbare deel van die volksgeskiedenis. Net soos 'n volk arm is aan geestesgoedere as hy nie geskiedenis ken nie, is die familie arm wat nie kennis het van sy verlede nie. Familiebewustheid, net soos volksbewustheid, se waarde is moeilik bepaalbaar en kan aleen gesien word wanneer die individu daar aan uiting gee in sy optrede teenoor die gemeenskap waarvan hy deel is.

Deur familietrots te kweek, kweek ons ook ons nasietrots wat nie alleen die suiwerheid van ons bloed verseker nie maar ook die bewaring van die sedelike en godsdienstige waardes wat so maklik in die ankerlose massas van die stedelike lewe verlore gaan.

Gelukkig is daar diegene wat wel belangstelling toon en hulle is baie ywerig en ontsien niks om hul familiegeskiedenis op skrif te stel nie. 'n Paar familieregisters het al die lig gesien, en nog andere is in die proses van voorbereiding. Die opstel van 'n familieregister is amper 'n lewenstaak en dikwels is dit 'n onbegonne taak vie een persoon om al die feite bymekaar te bring. Dit is veral so met die groter families Hier kan spanwerk 'n groot rol speel waar elke lid van die span 'n besondere tak van die familie kan navors.



Gedurende die laaste paar jaar was daar al baie in die pers oor hierdie onderwerp geskryf met die doel om die nodige belangstelling by die volk aan te wakker. Dit gaan nie net oor die opstel van 'n familie-register nie, maar ook oor hoe ons voorouers gelewe het en wat hulle gedoen het. Dit behoort die taak van elke familie te wees om sorg te dra dat so'n bydrae, hoe gering ook al, gedoen word.

Gedurende Desember 1972 was daar begin met die familienavorsing van die Groblers en Grobbelaars want in werklikheid stam hierdie twee families uit een stamvader. Van die elf kinders was daar ses seuns. Alhoewel al die seuns gertoud was, het die twee oudste seuns, naamlik Johannes wat met Margaretha Pyl getroud was, en Willem wat met Susanna Knoetzen in die eg verbind was, geen nageslag nagelaat het nie. Petrus was getroud met Susanna Maryna Human en Nicolaas getroud met Johanna Hendrina Combrink. Hulle nageslag is vandag die Groblers. Die jongste twee seuns, Coert was eers met Maria Catharina Klopper en later met Louisa Pienaar getroud, terwyl Cornelis met Magdalena Volschenk getroud was, se nageslagte is die Grobbelaars. Daar is wel 'n paar uitsonderings van hierdie reel.

Volgens 'n berekening gebasseer op die sensus van 1970 is daar tussen twintigduisend en vyfentwintigduisend Groblers en ongeveer sewe duisend Grobbelaars vandag in die R.S.A. Hulle is oor die lengte en breedte van die Republiek versprei, en baie van hulle het ook die hoogste sport in die samelewing betree.

Johan Grobler of Grobbelaar is die Stamvader van hierdie familie in Suid-Afrika. Dit is interesant om te let dat hy sy naam GROBLER geteken het. Sy herkoms is nog onseker en kon tot nog toe nie met sekerheid vasgestel word nie. Van die vroeer opstellers van die ou Kaapse families word dit beweer dat hy uit Tangermünde in Duitsland afkomstig was. Alhoewel die naam nog baie in Duitsland voorkom is

dit nie van Duitse oorsprong nie. Dit kon nog nie vasgestel word waar die naam sy oorsprong het nie. Die vermoede is dat dit moontlik Nordies kan wees. Die betekenis van die naam is groot, sterk en grof.

Daar is baie maniere hoe die naam gespel word. Die oorspronklike spelling is waarskynlik Grobler alhoewel die die naam, veral in Duitsland ook Gröbler en Groebler gespel word. Die Spelling Grobbelaar het waarskynlik gekom toe die Stamvader by die H.O.I.K. aangesluit het en die amptenare die naam ver-Nederlands het. Dit het ook so gebeur met ander Duitse name soos die van Wagner na Wagenaar en Adler na Adelaar en nog veel andere.

Omdat Tangermünde in die Oos-Duitse gebied is, is dit maar moeilik om ènige inligting uit daardie dorp te kry. Nieteenstaande al die probleme het die volgende feite aan die lig gekom. Johan Grobler se naam word glad nie in die kerkboeke van Tangermünde genoem nie, maar wel 'n Christiaan Grobler wat op die 10de Oktober 1678 daar gebore was. Sy vader se naam was Arnold. Die naam van sy moeder word nie genoem nie. Hy was die enigste seun wat in die tydperk tussen 1617 en 1800 daar gebore was. In daardie tydperk het ook geen Grobler daar getrou nie. Vanaf 1642 tot 1800 is daar ook geen Grobler oorlede nie, en laastens in die lys van burger seuns is geen Grobler se naam daar ingeskryf nie.

In die huweliksregister kom die volgende vroulike persone se name voor:-

1. Magdalena Grobler,trou op 1.10.1688 met Christiaan Grantzen, 'n brouer.
2. Anna Grobler, trou op 3.4.1869 met Michael Wagner, 'n lakenwewer.
3. Dorothea Grobler, trou op 25.11.1690 met Christiaan Schluss, 'n visser.

Daar is derhalwe geen verwysing na die ouderdomme of die name van die egpare se ouers nie. Dit is moontlik dat die drie dogters die susters



van Christiaan kon gewees het. Geen inligting kon bekom word van die peetouers van Grantzen, wagner of Schluss nie.

Soos dit blyk het Johan se naam nie voorgekom nie. maar net Christiaan wat daar gebore was. 'n Huweliks- of sterftesertifikaat van Christiaan kon ook nie gevind word nie. Alhoewel hy daar gebore was blyk dit dat hy nie in Tangermünde gewoon het nie. Of Johan en Christiaan een en dieselfde persoon was is wel moontlik maar is te betwyfel. Dit is moontlik dat Johan uit 'n ander dorp gekom het en net vir 'n kort tyd daar werksaam was en dat hy die naam van hierdie dorp as sy laaste woonplek aangegee het. Met betrekking tot emigrante is dit bewysdat die oord wat in die monsterrolle genoem word, dikwels nie die geboorteplek was nie, maar die laaste woonplek voordat die man in diens van die H.O.I.K getree het.

Uit die briefwisseling met die navorsers in Duitsland is verneem dat die familienaam nog vandag daar talryk voorkom.

Die aankoms van die Stamvader aan die Kaap is nog onseker maar dit kon omstreeks 1708 gewees het. Tussen hierdie datum en 1712 was hy in diens van die H.O.I.K. eers as 'n houthaker en later as 'n wadrywer. Vanaf 1713 was hy werksaam as boerekneg by Christiaan Maasdorp.

In 1715 word hy 'n vryburger en in dieselfde jaar tree hy in die huwelik met Geertruyd Knoetzen. Sy was die derde kind van Cornelis Knoetzen, afkomstig avn Fuhmen. Haar Moederwas Dirkje Helmes. Die geboortedatum van Geertruyd is onbekend maar sy is op 11.7.1706 gedoop. Sy was toe al 'n hele paar jaar oud omdat haar oudste kind al op 9.2.1716 gedoop was. Na Johan de dood trou sy weer op 3.6.1736 met Hans Jurgen Herman.

Volgens die vroeë doopregisters het Johan en Geertruyd in die Drakenstein se kontrei gewoon omdal hul kinders daar gedoop was.

Uit 'n ou landkaart van Drakenstein word daar 'n plek lans die Weste oewer van die Bergrivier in die omgewing, wat vandag bekend staan as Malan Stasie, aangedui as 'n opstal van 'n Grobbelaar. Lede van die Grobler en Grobbelaar families het al teen die einde van die agtiende eeu uitgewyk na die Oos grens van Kaapland en bevind hulle in die distrikte van Swellendam, George, Uitenhage, Graaff-Reinet, Cradock, Somerset-oos en Jansenville. Baie van die Groblers was grens boere en het ook aan die Kaffir-oorloë, en Groot Trek deelgeneem.

Die Geslagregister is in vier takke opgestel. Die eerste is die Petrus-tak (b5), gevolg deur die Nicolaas-tak (b6), die Coert-tak (b9), en laastens die Cornelis-tak (b11). Petrus se nageslag het blykbaar eers in die George distrik gewoon. Later verhuis hulle na Graaff-Reinet en die Noordoos grens in die omgewing van Albert en Dordrecht waar sommige van hulle nou nog woon. Ander lede van hierdie tak het waarskynlik aan die Groot Terk deelgeneem. Hulle het in die Pretoria Distrik gaan vestig en in die omgewing van Bronkhorstspruit. Nog ander lede van hierdie tak vind ons in Suid-oos Transvaal, Noord Natal en Noord-oos Vrystaat.

Die Nicolaas tak (b6) is verreweg die grootste. Nicolaas was getroud met Johanna Hendrina Combrink. Uit hierdie huwelik was daar agt seuns en twee dogters gebore. Al die seuns was getroud en almal het 'n nageslag nagelaat. Die nasate van hierdie tak het hul aan die oos-grens van die Kaap gevestig tussen die Sondags- en Visriviere. Dorpe waar lede van hierdie tak se name dikwels in die doops- en huweliksregisters voor kom is Uitenhage, Graaff-Reinet, Cradock, Somerset-oos en Jansenville. Daar is ook lede wat aan die Groot Trek deelgeneem het. Vandag in lede van hierdie tak dwarsdeur die hele Transvaal versprei.

Coert (b9) se tak bevind hulle in die omgewing van Graaff-Reinet en Middelburg Kaap. Sommige van hulle het na Cradock getrek en daar gaan vestig. Vandag nog vind ons lede van hierdie tak wat tussen Cradock en Queenstown woon is seker nog min van die wat nog op die oorspronklike familieplase woon.



Die laaste tak is die Cornelis tak (b11). Die grootste meerderheid lede van hierdie groep bevind hulle tot vandag toe in Wes-Kaapland, alheowel een lid van hierdie tak hom later in die Colesberg distrik gaan vestig het. Van sy nasate is nog woonagtig in die Suid Vrystaat veral in die omgewing van Philippolis, Luckohff en Fauresmith.

Dit dien gemeld word dat daar 'n afsonderlike tak Groblers voorkom. Die Stamvader is Gert gebore te Graaff-Reinet op die 15e Oktober 1809 en gedoop op die 20 Januarie 1911 te Graaff-Reinet. Volgens die doop-register van Graaff-Reinet was sy vader Willem Grobler en sy moeder Anna Catharina Cornelia Louisa Brits. Die kind was buite egtelik gebore. Gert is in die Rustenburgse distrik op 10 Maart 1891 oorlede. Tot dusver kon nog nie bepaal word wie Willem se ouers was nie. Gerrit was viermaal getroud. Sy nageslag bevind hulle meestal in die Transvaal.

Dit word dikwels gevra of daar 'n Grobler of Grobbelaar familiewapen bestaan. Daar word dikwels voorgegee dat daar wel 'n familiewapen is maar tot dusver kon daar nog nie een gevind word nie. Skrywer het heelwat navorsing in hierdie verband gedoen en dit is sonder twyfel vasgestel dat daar tot onlangs hoegenaamd geen familiewapen vir die Groblers of die Grobbelaars bestaan nie. In die handel word daar dikwels sogenoemde familiewapens te koop aangebied, maar hierdie wapens is beslis nie eg nie en is dikwels nie eers heraldies korrek nie. Skrywer het in sy besit minstens 'n halfdosyn sogenoemde familiewapens.

Onlangs was 'n familiewapen ontwerp en is by die Buro vir Heraldiek in Pretoria in die skrywer se naam gerigistreer. 'n Familiewapen is eie aan die persoon in wie se naam dit gerigistreer is en is nie vir algemene gebruik deur daardie familie nie. Dit is soos ' handtekening.